


# St. Luigi Scrosoppi

## 5 Oktober

(1804-1884)

Hierdie Oratoriaanse priester is in Udine, in die noorde van Italië gebore. Sy stiefbroer Carlo was ’n priester in die Oratorium van Udine en Luigi het dus van ’n jong leeftyd af ’n hegte band met die Oratorium gehad. Dit was moeilike jare vir die Oratorium in Italië met anti-Kerklike wetgewing wat op talle plekke ingestel is en in 1810 is die Oratorium in Udine deur die staat gesluit. Luigi is in 1827 tot priester gewy en saam met sy stiefbroer het hy begin om hawelose weesmeisies by te staan. In 1837 rig hulle ’n Huis vir die Behoeftiges op waar weesmeisies ’n heenkome en opvoeding aangebied is. Toe die Oratorium in 1846 weer toegelaat is om sy deure te open was dit Vr. Luigi en Vr. Carlo wat dit saam met twee ander priesters herstig het. Intussen het Vr. Luigi ’n groep toegewyde vrouens om hom versamel om te help met die versorging en opvoeding van die weesmeisies. In 1858 is die Lewensreël van dié groep vroue onder leiding van Vr. Luigi deur pous Pius IX goedgekeur. Uiteindelik sou hulle as die Kongregasie van die Susters van Voorsienigheid kerkwetlik erken word. Teen dié tyd het hulle werksaamhede geweldig uitgebrei en het hulle begin om nuwe huise buite Udine op te rig. En toe kom die tragedie - in 1866 verower die nuutgestigte Koninkryk van Italië die stad en omliggende gebied van Udine en word die Oratorium weereens gesluit, dié keer finaal. Nooit weer sou Vr. Luigi binne sy geliefde Oratorium gemeenskap kon woon nie. Hierdie was ’n groot terugslag vir hom. Hy sou egter altyd in sy hart ’n Oratoriaan bly en in troue navolging van sy beskermheilige, Sint Filip Neri, sou Vr. Luigi die res van sy lewe met die slagspreuk: “Werk, ly en wees stil”, leef. Hy het homself toegewy aan die Susters van Voorsienigheid en teen die tyd van sy dood op 3 April 1884 was daar alreeds twaalf florerende huise op verskillende plekke opgerig. Sy laaste oproep aan die Susters was: “Naastediens! Naastediens! ... Red siele, en red hulle deur naastediens!” Luigi Scrosoppi is in 1981 saligverklaar en op die 10de Junie deur die heilige pous Johannes Paulus II tot ’n heilige van die Kerk verklaar.